SUID OOSTER FEES

# SOF JUNIOR

**22 tot 26 April | Artscape | Kaapstad**

Moontlik gemaak deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur; die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport; Stad Kaapstad; Netwerk24; *Die Burger*; NATi; kykNET; die ATKV, Artscape, NB-Uitgewers, Penguin Random House en die AON

**Welkom by SOF JUNIOR, die Suidoosterfees se program propvol opvoedkundige pret en vermaak vir kleuters, kinders, jongmense, ouers en onderwysers. Hierdie fees word vanjaar vir die eerste keer aangebied – in dieselfde jaar wat die groot fees mondig word.**

Die program bestaan uit DRIE afdelings:
**KLEIN SUIDOOSTERFEES**
**STORIERAK** – aangebied deur NB-Uitgewers
**DIS DUIDELIK!** – aangebied deur Penguin Random House en die AON

## BELANGRIKE DINGE WAT JY MOET WEET

### KAARTJIES

Kaartjies kan deur **Webtickets** bespreek word, of skakel Artscape Box Office by **021 421 7695**.
Kyk mooi op die program watter produksies is **gratis**, maar waarvoor jy **steeds moet bespreek**.
Vir **groepsbesprekings teen afslag**, stuur 'n e-pos na **suidooster@media24.com**.

### PARKERING

Parkering is beskikbaar in die strate om Artscape. Die Burgersentrum se kelderparkeerarea is oop van Maandae tot Vrydae vanaf 18:00 tot 23:00, en heeldag oor naweke en openbare vakansiedae. Gebruik die ingang vanuit Jan Smuts-straat.

### VERBLYF

Die **Garden Court Nelson Mandela Boulevard** is Suidoosterfees se amptelike verblyfvennoot. Hier is jy nie net in uitstekende geselskap nie, jy kan rustig slaap, lekker eet en ontspan teen 'n billike tarief. Gebruik **SOF2024** as verwysing en kontak die hotel by GCNMB.reservations@southernsun.com; of skakel +27 21 448 4123.

**ALGEMENE FEESNAVRAE: 021 406 2450**

SUID OOSTER FEES

# KLEIN SUIDOOSTERFEES

Moontlik gemaak deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur; die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport; Stad Kaapstad; Netwerk24; *Die Burger*; NATi; kykNET; die ATKV, Artscape en NB-Uitgewers

## OPERA BLOCKS

**Vir 0 tot 5 jaar**
Met **Van Wyk Venter, Tylor Lamani, Julia Portela Piñon, Ernestine Stuurman, Lusibalwethu Sesanti** en **Albert Combrink** (pianis)
Regie **Elisabeth Manduell**

Kaapstad Opera se supergewilde *Opera Blocks* kom maak 'n draai by die SOF Junior-fees. Almal, klein en groot, van babas tot kleuters, en mammas en pappas ook, gaan mal wees oor dié pragtige produksie met lieflike musiek, oulike choreografie en visuele betowering. Hierdie kombinasie van musiek, liedjies en speletjies is die heel beste manier om kleintjies aan die wonder van klassieke musiek bekend te stel.

**22, 23, 24 April 10:00** en **14:00, 25 April 10:00** en **12:00 | Opera Bar | 45 min | Afr, Eng | R110 vir kinders, R140 vir volwassenes**



## KIPPER'S UNDERGROUND ADVENTURE

**Vir graad RR tot graad 3**
'n **Krazy Katz**-produksie, in samewerking met **Artscape** en **Oxford University Press SA**
Met **Minke Marais, Liandé Valentyn, René Cloete, Robert Hindley, Eldon van der Merwe** en **Wian Taljaard**
Teks **Margit Meyer-Rödenbeck**
Regie **Marinda Engelbrecht**
Choreografie **Carlia Greyling**
Klankontwerp en musiekregie **Coenraad Rall**
Beligtingsontwerp **Nazeem Griebelaar**
Dekor en kostuums **Lara Rossouw** en **Elana-Marié Snyman**

Kipper en Wilma is altyd reg vir aksie, en dié keer sluit Kipper se ouma by hulle aan. As die towersleutel begin gloei, begin hul gevaarlike avontuur en hulle reis na die middel van die aarde se maag. Hulle loop vreemde karakters raak: Willie die reus, Dwiddel die dwerg, en 'n verspotte volstruis genaamd Elvis. Elvis soek na 'n diamant en sal enigiets doen om dit te vind. Gaan ons hulle kan red van gevaar? Die *Vlooi*-reeks is in 2022 met 'n Fleur du Cap bekroon vir beste kinderteater, en vanjaar is hulle vir nog 'n veer in die hoed benoem.

**22 April 10:00** en **11:30, 25 April 15:00 | kykNET Teater 60 min | Eng | R80**

# PAMPOENPIT SE GROEN GEVOEL

**Vir graad RR tot graad 4**
Met **Anzio September, Margo Kotze** en **Miché van Wyk**
Teks **Bianca Flanders** en **Dean Balie**
Regie **Bianca Flanders**

Pampoenpit sukkel bietjie met gevoelens van jaloesie nadat sy nie die skool se talentkompetisie gewen het nie. Maar sy is nie alleen nie. Ouma en Toots die kat is daar om haar by te staan wanneer sy besluit om die groen monster te konfronteer! 'n Mini-musiekblyspel met musiek, handpoppe en dans.

**24 April 10:00** en **12:00, 25 April 10:00, 26 April 10:00 | NATi Repteater | 45 min | Afr | R80**



Reginald Hufkie

# OP DIE KRUIN VAN SHÔDEVILLE

**Vir graad 8 tot graad 12**
'n Ko-produksie van **Suidoosterfees** en **KKNK**, ondersteun deur **NATi**
Met **Kevin Smith, Reginald Hufkie** en **Donovan Pietersen**
Teks **Herschelle Benjamin** en **Reginald Hufkie**
Regie **Herschelle Benjamin**
Musiek **Reginald Hufkie**
Produksiebestuur **Reimagine Theatre Co.**
Verhoogbestuur **Zander Naude**

Marvin keer terug na sy tuisdorp, Schauderville, waar hy sy ou race walking coach, Uncle Smithie, opsoek. Sy jonger broer Malcolm is na al die jare steeds in die euwels van "Shôde" vasgevang. Hy en Uncle Smithie onthou die goeie ou dae van nasionale kampioenskappe en hoe sport vir hom deure oopgemaak het. Maar met elke geleentheid was daar opofferings ...

**26 April 15:30 | Zip Zap Dome | 70 min | Afr | Geen o/13 T | R130**



# POV: POINT OF VIEW

**Vir graad 10 tot graad 12**
Met **Figure of 8 Dance Collective**

Hierdie dansteater-aanbieding fokus op die verskuilde dinge in 'n skare. Nie net word blydskap en emosies van 'n groep mense deur energieke beweging uitgebeeld nie, maar ook die gevaar wat enige tyd kan ontplof in iets onvoorspelbaar.

**25 April 11:30, 26 April 13:00 | Johann Brink Teater | 21 min | Afr, Eng | R21**

# BALLROOM BOY




**Vir graad 10 tot graad 12**
Aangebied deur die **SBA**
Met **Carmen Maarman, Ayden Croy** en **Zinedine Manus**
Teks **Christo Davids**
Regie **Nolan Africa**
Verhoogbestuur **Edson Hector**
Sessiefasiliteerder **Lesley Thomas**
Navorsing **Sandra Prinsloo** en **Christo Davids**
Vervaardiger **Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans**

’n Ma en haar twee seuns word deur bendegeweld uitmekaar gedryf. Die kollig val op die uitdagings wat misdadigers in die gesig staar wanneer hulle ná hul vrylating weer deel van die samelewing probeer word. Hoe oorkom mens die gemeenskap se wanopvattings wat jou daarvan weerhou om ’n nuwe toekoms te betree? ’n Kort gespreksessie met die gehoor vind na die vertoning plaas.

**26 April 13:30 | NATi Arena | 45 min | Afr | Gratis**



# KEN JY VIR DEWIE?

**Vir graad 8 tot graad 12**
’n Ko-produksie van **Suidoosterfees, KKNK** en **Momentum Beleggings Aardklop**, ondersteun deur **NATi**
Met **Crystal Donna Roberts, Robert Hindley** en **Joshwin Dyson**
Teks **Ilne Fourie**
Regie **Margit Meyer-Rödenbeck**
Tegnies en verhoogbestuur **Jeanne Steenkamp**
Vervaardigers **Margit Meyer-Rödenbeck en Ilne Fourie**

Dewie de Jager is ’n doodgewone ou, nie die tipe teen wie ma’s hul matriekdogters waarsku nie. Hy’s die ou wat skaam smile en dan wegkyk. Maar tussen alles deur hunker hy na aanvaarding. Om ’n legend te wees oor wie almal praat. Om oral te wees. Teen die klaskamermure. Op voorblaaie. Op Google Search. Om die saviour te wees van elke loser wat elke pouse moet keer vir sy wickets …

**24 April 11:00** en **18:00, 26 April 14:00** en **20:00 | Die klaskamer | 75 min | Afr Geen o/14 T | R130**

# KLEIN NANA

**Vir almal!**
Ondersteun deur **Stad Kaapstad**, die **Departement van Sport, Kuns en Kultuur**, **BASA**, die **Kantoor van die Verenigde Nasies se Hoëkommissaris vir Menseregte**, die **Raith Stigting** en die **Helen Suzman Stigting**
Poppemeesters **Fried Wilsenach** en studente van **Dance for All**
Tegnies **Fried Wilsenach**

Nana is 10 jaar oud, 4,5 meter hoog, en kom met haar driewiel al die pad uit Zimbabwe. Sy soek na haar ma wat weggeraak het in die deurmekaar proses van immigrasie. Kom ontmoet vir Nana op die feesterrein, gesels met haar, want as jy Nana lief kan hê, kan jy enigiemand verwelkom in jou moederstad. Met haar sterk boodskap teen diskriminasie en xenofobie, gaan Nana oud en jonk nuut laat dink oor dinge wat ons as Suid-Afrikaners raak. Om meer oor Nana se aktiwiteite uit te vind, besoek www.nana.africa (#standup4migrants).

**Daagliks by die fees**






Foto: Hans van der Veen

STORIERAK

nb
UITGEWERS
PUBLISHERS

Tafelberg
Human & Rousseau
Queillerie
Kwela
Pharos
Best Books
Lux Verbi
Melinda Ferguson Books

Aangebied deur NB-Uitgewers




## STORIES VAN TOEKA TOT NOU

**Vir graad R tot graad 3**
Met **Deidre Jantjies**

Party stories is baie ouer as wat ons dink! Deidre Jantjies se *Stories in die wind* vertel vir ons volksverhale van die Nama-mense en lê klem op die natuur en orale storievertelling. 'n Bundel vol unieke verhale met hulle oorsprong in die pragtige, ongerepte deel van ons land. Dit is eg Suid-Afrikaans.

**23 April 13:00 tot 14:00 | Theatre Well | Afr | R50**




## AVONTUUR SKRIK VIR NIKS

**Vir graad 3 tot graad 6**
Met **Francois Bloemhof, Leon-Ben Lamprecht** en **Heléne de Clercq**

*Hoe gril ek nou* is 'n versameling van stories deur die twee GRIL-meesterskrywers. Maar moenie te bang raak nie, want dis die tipe gril wat jou tone laat krul en jou die bladsy wil laat draai. Heléne de Clercq kan jou 'n ding of wat hiervan vertel. Haar *Die emmerskoplys* lyk aanvanklik na 'n saai storie oor 'n voorspelbare skoolvakansie, maar verander binne 'n oogwink in 'n aksiebelaaide avontuur propvol humoristiese oomblikke. Leon-Ben Lamprecht vaar weer die sprokieswêreld in, en in *Die Feetjie-Polisiediens* gaan die feetjies op drie avonture om klomp misdade op te los!

**24 April 13:30 tot 14:30 | Zip Zap Dome | Afr | R50**




## GROOTWORD IS NIE VIR SISSIES NIE

**Vir graad 6 tot graad 10**
Met **William Oosthuisen** en **Troula Goosen**

*Wim Vermaak maak 'n plan* gaan oor arme Wim Vermaak. Vir hom is graad tien nes graad nege, maar op steroids. Daar is 'n hele klomp struikelblokke wanneer mens tiener word, maar dit beteken nie dit kan nie skreeusnaaks wees nie. Troula Goosen se *Die Sproetebessies en die skedel in die spookmis* gaan oor drie meisies in dieselfde bootjie. Daar is onvoorspelbare kinkels, fantasie en avontuur, en 'n skeutjie romanse.

**24 April 15:00 tot 16:00 | Zip Zap Dome | Afr | R50**




## VIR OUER LESERS

**Vir graad 8 tot graad 12**
Met **Katherine Graham, Joha van Dyk, Elrien Scheepers** en **Fiona van Kerwel**

*Reën vir Stofvlei* deur Katherine Graham is 'n pragtige verhaal oor familie, kontrei en die natuur, en oor hoe mens skoonheid en liefde op die mees onverwagse plekke kan vind. Elrien Scheepers se wetenskapfiksie-storie speel in 'n soortgelyke landskap af. *Waar jakkalse huil* is 'n spanningsverhaal van verset, oorlewing en oorwinning. Joha van Dyk se *Kanniedood* bekyk alles wat baie jongmense vandag in die gesig staar, maar op 'n ingrypende manier: geestesgesondheid, vriendskap, familie, konflik, bendekultuur en boelies. Fiona van Kerwel is die samesteller van *Leë blikkies vol liefde*, 'n kortverhaalbundel met stories wat oor die breë Afrikaanse landskap aanklank sal vind, by leerders sowel as onderwysers.

**25 April 13:30 tot 14:30 | ATKV-Innovasiespasie | Afr | R50**




## DRAMA EN STORIES

**Vir graad 10 tot 12 en onderwysers**
Met **Tanya Viviers** en **Deidre Jantjies**

*Om teen treine te skree* is 'n dramabundel wat deur Tanya Viviers saamgestel is. Dit bevat elf nuutgeskrewe dramas met temas soos tieners se smagting na aanvaarding en om as jong volwassenes hul eie identiteit te vind. Deidre Jantjies se *Stories in die wind* vertel vir ons volksverhale van die Nama-mense en lê klem op die natuur en orale storievertelling.

**25 April 15:00 tot 16:00 | ATKV-Innovasiespasie | Afr | Gratis, maar bespreek deur Webtickets**




## STORIERAK VIR DIE JONGSPAN

**Vir 0 tot 6-jariges**
Met **Paula Fourie**

*Die hond met die stert sonder swaai* gaan oor Jakkals wat een oggend wakker word met 'n stert wat nie wil swaai nie. Is sy dalk siek? Kan 'n hond se stert sommer skielik breek? Haar huismense is bekommerd, maar dis Lolliepop, Jakkals se beste maat, wat kan raai wat fout is. Hulle twee swem mos graag in die dam, waar Jakkals duik en rol soos 'n wafferse walvis. Al wat Jakkals nodig het om beter te word, is iemand wat verstaan, soos Lolliepop!

**26 April 12:30 tot 13:30 | Theatre Well | Afr, Eng | R50**

# STORIERAK op die verhoog




Minke Marais


## WOORDEDIEF

**Vir graad RR tot graad 5**
Moontlik gemaak deur **NB-Uitgewers**
Met **Minke Marais, Wian Taljaard, Kerscha Titus** en **Eldon van der Merwe**
Teks en regie **Margit Meyer-Rödenbeck**
Lirieke **Margit Meyer-Rödenbeck** en **Luca Human**
Musiekregie, verwerking en klankontwerp **Coenraad Rall**
Choreografie **Carlia Greyling**
Stelontwerp **Gerrit Snyman**
Kostuums **Mariska Meyer**

Woordedief is 'n stoute kalant wat jaloers is op almal wat kan lees. Hy probeer woorde, stories, letters, sinne en sommer enige los gedagtes steel. Natuurlik tot groot ontsteltenis van kinders wat graag wil leer lees en spel en skryf. En graag die stories wil hoor uit NB-Uitgewers se voorgeskrewe boekies vir jong lesers. Maats, julle sal moet help keer dat *Pol Pou*, *Robbie Robot* en *Zietie by* nie in Woordedief se sak beland nie.

**23 April 10:00** en **11:30, 24 April 15:00, 26 April 09:30** en **11:00 | kykNET Teater**
**50 min | Afr | R80**






# BRAAM EN DIE ENGEL

**Vir graad 1 tot graad 12**
'n **Momentum Beleggings Aardklop**-produksie in samewerking met die **KKNK** en die **Feesteforum**, moontlik gemaak deur **NATi** en **AK21**; speelvak ondersteun deur **NATi** en **Het Jan Marais Nationale Fonds**
Met **Joanie Combrink, De Klerk Oelofse, Rehane Abrahams, Marelize Viljoen, Timothy Isaacs** en **Shaun Oelf**
Teks **Marietjie de Jongh**
Verwerking **Kanya Viljoen**
Regie **Nico Scheepers**
Assistent-regisseur **Grant van Ster**
Tegniese versorging, kostuums, stel- en beligtingsontwerp **Nico Scheepers** en **Nell van der Merwe**
Musiek **Franco Prinsloo**
Verhoogbestuur **Nell van der Merwe**
Assistent-verhoogbestuurder **Sohail Booise**

In dié storie oor die krag van vriendskap, verbeelding en hoop word 'n engel gestuur om te keer dat die inwoners van Wale van ellende vergaan. In Wale ontmoet die engel vir Braam en saam vertrek hulle op 'n reis wat hulle deur talle dorpe met verskillende uitdagings neem. In 2023 benoem vir vier Woordtrofees en vyf Fiëstas.

**24 April 11:30 | kykNET Teater | 70 min | Afr | R130**






## ROEM: DIE MUSIEKBLYSPEL

**Vir graad 8 tot 12**
'n **KKNK**-produksie, moontlik gemaak deur **NATi** en ondersteun deur **Hombrew Films** en **Netwerk24**
Met **Anrich Herbst, Eldon van der Merwe, Daneel van der Walt, Nelandi Boshoff, Ryan Truter** en **Blake Hellaby**
Teks **Deon Meyer**
Musiek en musiekregie **Coenie de Villiers**
Regie **Nicole Holm**
Ontwerp **Stefan Benadé**
Verhoogbestuur **Jeanne Steenkamp**
Produksiebestuur **Jaco van Rensburg**
Vervaardigers **KKNK**, in samewerking met **Coenie de Villiers** en **Deon Meyer**

Dis 'n storie oor die kollig,
dis 'n storie oor groot roem.
Patrys wil dit hê.
Haar pa wil dit verdoem.

Deon Meyer en Coenie de Villiers keer ná hul sensasionele *Karoo Suite*-vertonings terug met 'n volskaalse musiekblyspel wat die verhaal van 'n man en sy musiek – en die hersenskim van roem – vertel, soos net hierdie twee meesters kan.

**25 April 11:30 | kykNET Teater | 90 min | Afr | R130**

## SWART WYN

**Vir graad 10 tot graad 12**
'n Ko-produksie van **Suidoosterfees** en **Aan Zee Theaterproducties**, moontlik gemaak deur **NATi** en **Het Jan Marais Nationale Fonds**
Met **Denise Jannah, Pierre van Heerden, Frazer Barry, Deniel Barry, Charlton Davids** en studente van **Dance for All**
Teks en regie **Martine Zeeman**
Poësie **Diana Ferrus**
Navorsing **Menko Wiersema**
Met dank aan **Tico Koopmans**, **Nationale Archief** en **Die Swart wyn-vrouekomitee** onder leiding van **Verna Stuurman**

Die verhaal van twee Suid-Afrikaanse vroue wat losbreek uit die bande van armoede, onderdrukking en geweld. Hulle maak hul lewensdrome waar deur die Bolandse wingerde te laat blom. Sybil, 'n suksesvolle wynmaker in 2024, vind inspirasie in die 17de-eeuse historiese figuur, Zwarte Maria Evert, die eerste swart vrou wat 'n druiweplaas besit en wyn geproduseer het.

**23 April 15:00, 25 April 11:00 | Zip Zap Dome | 100 min | Afr, Eng | R130**

# Dis DUIDELIK!



Aangebied deur Penguin Random House en die AON



Makhosazana De Wette Dludla

## KUIER SAAM: STORIES, LAG EN PRET VIR KLEINGOED!

**Vir graad RR tot graad 3**
Met **Zuleka Smith, Felicia Snyman-Du Toit** en **Makhosazana De Wette Dludla**

Klein maatjies, julle word almal uitgenooi na storietyd! Zuleka Smith gaan vir julle vertel hoekom Ben so bang was vir die groot toets. Felicia Snyman-Du Toit gaan gesels oor Adelie en Riley en die grillerige ding in die swembad. Makhosazana De Wette Dludla sal vir seker sorg vir breë glimlaggies met haar kleurvolle prenteboek *It's wonderful me!* Bring julle oulike gesiggies, en luister en speel saam!

**22 April 09:30 tot 11:00 | Operahuis | Afr, Eng | R50**



Wendy Maartens

## STORIES VIR ALMAL!

**Vir graad 4 en graad 5**
Met **Anzil Kulsen, Wendy Maartens, André Trantraal** en **Verushka Louw**

In hierdie sessies hoor leerders van allerlei opwindende avonture – van Keegan en Samier se raaisels tot Warren en Kyla se karatekakamp. Verken die wonderlike wêreld van die San-mense. Leerders sal betower word deur die stories en illustrasies in hierdie pragtige boeke. Maak julle reg om op 'n groot leesavontuur te gaan!

**23 April 09:30 tot 11:00 | Operahuis | Afr, Eng | R50**

**Die Afrikaanse Onderwysnetwerk bevorder die gehalte en volhoubaarheid van Afrikaanse onderwys – van voorskoolse tot tersiêre vlak.**

**Besoek aonetwerk.co.za en kyk hoe die AON skole, onderwysers en onderwysinstellings ondersteun en die wêreld 'n beter plek vir almal maak.**

AON
Afrikaanse Onderwysnetwerk




## SPANNING EN SPEURDERS

**Vir graad 6 en 7**
Met **Nerine Ahlers, Anzil Kulsen** en **Lori-Ann Preston**

Kom luister na die drie skrywers se stories oor ontvoerings, verdwynings, spioene, speurders en selfs 'n ruimte-ekskursie in 'n sessie propvol avontuur. Leer meer oor boeke soos *Teiken in Parys*; *Die verdwyning van Seamus Smit deur Seamus Smit*; *Ragab*, 'n Bybelverhaal; *Thabo the space dude*; *Slooths* en meer!

**24 April 09:30 tot 11:00 | Operahuis | Afr, Eng | R50**




## SIEN JY KANS VIR GEVAARLIKE AVONTURE?

**Vir graad 8 en 9**
Met **Eldridge Jason, Nerine Ahlers** en **Sally Partridge**

In *Gerook* moet jy 'n tiksindikaat trotseer. In *Een dag in Julie* loop Matt weg van die huis af omdat sy stiefma hom so terroriseer, en dit word 'n laaang dag in Julie. In *The witches of Hogsback* gaan Zelda op 'n skoolstaptoer Hogsback toe en word gekonfronteer met 'n moord en die plaaslike tienerhekse.

**25 April 09:30 tot 11:00 | Operahuis | Afr, Eng | R50**

## DUIDELIK-ONDERWYSERSFEES

### BIBLIOTEEKDAG

**Bederfmiddag vir Afrikaanse en Engelse bibliotekarisse van laerskole, hoërskole en openbare biblioteke**
Met **20 skrywers van Afrikaanse en Engelse kinder- en jeugboeke**

Bring 'n middag deur in die opwindende geselskap van boeke, uitgewers en skrywers, en kom luister wat almal oor hul boeke en genres te sê het. Aan die woord is Antjie Krog, Zuléka Smith, Felicia Snyman-Du Toit, Makhosazana De Wette Dludla, Wendy Maartens, Anzil Kulsen, Eldridge Jason, André Trantraal, Veruschka Louw, Nerine Ahlers, Lori-Ann Preston, Hannes Barnard, An-Mari do Carmo, Peti Troski, Philip de Vos, Jacolet van den Berg, Nanette van Rooyen, Melanie Tait, Annelie Ferreira en Noreen Nolte.

**23 April 17:00 tot 18:30 | ATKV-Innovasiespasie | Afr, Eng | Gratis, maar bespreek deur Webtickets**

### TOEGERUS VIR LEES

**Opleiding vir graad R- tot graad 6-onderwysers en ouers**
Met **Wilna van Rooyen**, die **AON** se VKO-kenner

Om van lees 'n vreugde te maak, moet 'n mens toegerus word om nie net te kan lees nie, maar om met begrip te lees. Wilna van Rooyen het die beste raad oor hoe om kinders te help ontwikkel om nie net gemaklik te kan lees nie, maar ook om verlief te raak op lees!

**24 April 15:30 tot 17:00 | NATi Repteater | Afr, Eng | Gratis, maar bespreek deur Webtickets**

### ALLES VISUEEL, VINDINGRYK EN VERNUFTIG VIR VRAESTELLE

**Opleiding vir graad 7- tot graad 12- Afrikaans-onderwysers**
Met **Marieta Nel, Karin Tomlinson** en **Kathie Viljoen**

Vraestel saamstel is altyd 'n bietjie van 'n kopkrap. Goeie Afrikaanse tekste is yl gesaai, en as dit kom by visuele geletterdheid en kritiese taalbewustheid, word die kopkrap nog erger. Die ervare Marieta Nel, Karin Tomlinson en Kathie Viljoen gaan jou help om die kopkrap vir vraestelle minder en sommer baie lekker te maak.

**24 April 15:30 tot 17:00 | ATKV-Innovasiespasie | Afr | Gratis, maar bespreek deur Webtickets**

# DAGPROGRAM

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag, 22 April** | | | | | | | | |
| KUIER SAAM: STORIES, LAG EN PRET VIR KLEINGOED! | Dis duidelik! | 90 min | Operahuis | Skrywers | 22 April | 09:30 | R50 | Graad RR tot graad 3 |
| KIPPER'S UNDERGROUND ADVENTURE | Klein SOF | 60 min | kykNET Teater | Teater | 22 April | 10:00 | R80 | Graad RR tot graad 3 |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 22 April | 10:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 22 April | 11:00 | Gratis | |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 22 April | 11:00 | Gratis | |
| KIPPER'S UNDERGROUND ADVENTURE | Klein SOF | 60 min | kykNET Teater | Teater | 22 April | 11:30 | R80 | Graad RR tot graad 3 |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 22 April | 12:30 | Gratis | |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 22 April | 12:30 | Gratis | |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 22 April | 14:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| **Dinsdag 23 April** | | | | | | | | |
| STORIES VIR ALMAL! | Dis duidelik! | 90 min | Operahuis | Skrywers | 23 April | 09:30 | R50 | Graad 4 en graad 5 |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 23 April | 10:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| WOORDEDIEF | Storierak | 50 min | kykNET Teater | Teater | 23 April | 10:00 | R80 | Graad RR tot graad 5 |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 23 April | 11:00 | Gratis | |
| WOORDEDIEF | Storierak | 50 min | kykNET Teater | Teater | 23 April | 11:30 | R80 | Graad RR tot graad 5 |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 23 April | 12:30 | Gratis | |
| STORIES VAN TOEKA TOT NOU | Storierak | 60 min | Theatre Well | Skrywers | 23 April | 13:00 | R50 | Graad R tot graad 3 |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 23 April | 14:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| SWART WYN | Storierak | 100 min | Zip Zap Dome | Teater | 23 April | 15:00 | R130 | Graad 10 tot graad 12 |
| BIBLIOTEEKDAG | Dis duidelik! | 90 min | ATKV-Innovasiespasie | Opleiding | 23 April | 17:00 | Gratis | Onderwysers |
| **Woensdag 24 April** | | | | | | | | |
| SPANNING EN SPEURDERS | Dis duidelik! | 90 min | Operahuis | Skrywers | 24 April | 09:30 | R50 | Graad 6 en graad 7 |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 24 April | 10:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| PAMPOENPIT SE GROEN GEVOEL | Klein SOF | 45 min | NATi Repteater | Teater | 24 April | 10:00 | R80 | Graad RR tot graad 4 |
| KEN JY VIR DEWIE? | Klein SOF | 75 min | Die klaskamer | Teater | 24 April | 11:00 | R130 | Graad 8 tot graad 12 |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 24 April | 11:00 | Gratis | |
| BRAAM EN DIE ENGEL | Storierak | 70 min | kykNET Teater | Teater | 24 April | 11:30 | R130 | Graad 1 tot graad 12 |
| PAMPOENPIT SE GROEN GEVOEL | Klein SOF | 45 min | NATi Repteater | Teater | 24 April | 12:00 | R80 | Graad RR tot graad 4 |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 24 April | 12:30 | Gratis | |
| AVONTUUR SKRIK VIR NIKS | Storierak | 60 min | Zip Zap Dome | Skrywers | 24 April | 13:30 | R50 | Graad 3 tot graad 6 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 24 April | 14:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| WOORDEDIEF | Storierak | 50 min | kykNET Teater | Teater | 24 April | 15:00 | R80 | Graad RR tot graad 5 |
| GROOTWORD IS NIE VIR SISSIES NIE | Storierak | 60 min | Zip Zap Dome | Skrywers | 24 April | 15:00 | R50 | Graad 6 tot graad 10 |
| ALLES VISUEEL, VINDINGRYK EN VERNUFTIG VIR VRAESTELLE | Dis duidelik! | 90 min | ATKV-Innovasiespasie | Opleiding | 24 April | 15:30 | Gratis | Onderwysers |
| TOEGERUS VIR LEES | Dis duidelik! | 90 min | NATi Repteater | Opleiding | 24 April | 15:30 | Gratis | Onderwysers |
| KEN JY VIR DEWIE? | Klein SOF | 75 min | Die klaskamer | Teater | 24 April | 18:00 | R130 | Graad 8 tot graad 12 |
| **Donderdag, 25 April** | | | | | | | | |
| SIEN JY KANS VIR GEVAARLIKE AVONTURE? | Dis duidelik! | 90 min | Operahuis | Skrywers | 25 April | 09:30 | R50 | Graad 8 en graad 9 |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 25 April | 10:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| PAMPOENPIT SE GROEN GEVOEL | Klein SOF | 45 min | NATi Repteater | Teater | 25 April | 10:00 | R80 | Graad RR tot graad 4 |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 25 April | 11:00 | Gratis | |
| SWART WYN | Storierak | 100 min | Zip Zap Dome | Teater | 25 April | 11:00 | R130 | Graad 10 tot graad 12 |
| POV: POINT OF VIEW | Klein SOF | 21 min | Johann Brink Teater | Dans | 25 April | 11:30 | R21 | Graad 10 tot graad 12 |
| ROEM: DIE MUSIEKBLYSPEL | Storierak | 90 min | kykNET Teater | Teater | 25 April | 11:30 | R130 | Graad 8 tot graad 12 |
| OPERA BLOCKS | Klein SOF | 45 min | Opera Bar | Musiek | 25 April | 12:00 | R140 | 0 - 5 jaar |
| KLEIN NANA | Klein SOF | 60 min | Piazza | Interaktief | 25 April | 12:30 | Gratis | |
| VIR OUER LESERS | Storierak | 60 min | ATKV-Innovasiespasie | Skrywers | 25 April | 13:30 | R50 | Graad 8 tot graad 12 |
| KIPPER'S UNDERGROUND ADVENTURE | Klein SOF | 60 min | kykNET Teater | Teater | 25 April | 15:00 | R80 | Graad RR tot graad 4 |
| DRAMA EN STORIES | Storierak | 60 min | ATKV-Innovasiespasie | Skrywers | 25 April | 15:00 | R50 | Graad 10 tot 12 en onderwysers |
| **Vrydag, 26 April** | | | | | | | | |
| WOORDEDIEF | Storierak | 50 min | kykNET Teater | Teater | 26 April | 09:30 | R80 | Graad RR tot graad 5 |
| PAMPOENPIT SE GROEN GEVOEL | Klein SOF | 45 min | NATi Repteater | Teater | 26 April | 10:00 | R80 | Graad RR tot graad 3 |
| WOORDEDIEF | Storierak | 50 min | kykNET Teater | Teater | 26 April | 11:00 | R80 | Graad RR tot graad 5 |
| STORIERAK VIR DIE JONGSPAN | Storierak | 60 min | Theatre Well | Skrywers | 26 April | 12:30 | R50 | 0 tot 6-jariges |
| POV: POINT OF VIEW | Klein SOF | 21 min | Johann Brink Teater | Dans | 26 April | 13:00 | R21 | Graad 10 tot graad 12 |
| BALLROOM BOY | Klein SOF | 45 min | NATi Arena | Teater | 26 April | 13:30 | Gratis | Graad 10 tot graad 12 |
| KEN JY VIR DEWIE? | Klein SOF | 75 min | Die klaskamer | Teater | 26 April | 14:00 | R130 | Graad 8 tot graad 12 |
| OP DIE KRUIN VAN SHÔDEVILLE | Klein SOF | 70 min | Zip Zap Dome | Teater | 26 April | 15:30 | R130 | Graad 8 tot graad 12 |
| KEN JY VIR DEWIE? | Klein SOF | 75 min | Die klaskamer | Teater | 26 April | 20:00 | R130 | Graad 8 tot graad 12 |